STELLASTRAAT BLITSNUUS VRYDAG 24 April 2020

Goeie dag

HOE GAAN DIT MET DIE NG KERK IN DIE GRENDELTYD? (geskryf deur James)

Die afgelope week was ek in 'n paar zoom-vergaderings. Soos dit nou maar gaan met vergaderings, is daar altyd vooraf tyd om te hoor hoe dit gaan. Selfs in hierdie elektroniese aanlynvergaderings! In al drie vergaderings het die dominees gepraat oor hulle besorgdheid en onsekerheid oor hoe die werk van en in die kerk behoort aan te gaan. 'n Navorsingsgroep van die NG Kerk bestaande uit sowat 15 predikante wat oor die land versprei is, het in die eerste week van grendeltyd al daaroor begin besin. Ons is nog baie naby aan die gebeure en daar is altyd die moontlikheid om dinge totaal verkeerd te lees. Hier is 'n aanhaling uit die eerste aantekeninge van die navorsingsgroep:

"A crisis does not create our theology, it reveals it" (Esau McCaulley)

Hierdie krisis vra van ons om opnuut oor die Drie-enige God na te dink. Vrae kom nou al hoe skerper na vore. "Het God die virus gestuur?"; "Hoekom doen God niks daaraan nie?"; "Hoekom sterf juis die kwesbares?"; "Hoe kan 'n God van liefde so iets toelaat?"; "Wie se skuld is dit alles?"

Ons vermoë om te leer uit die geloofswysheid wat oor eeue ontwikkel het, gaan nou deurslaggewend wees. Dit is nie die eerste keer dat die wêreld en die kerk deur globale rampe getref word nie. Ons kan uit die foute en die wysheid van die geskiedenis leer. Die wyse woorde van die Heidelbergse Kategismus is 'n stuk wysheid wat ons help:

Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? Dat ek in lewe en in sterwe met liggaam en siel nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort. (Heidelbergse Kategismus, Vraag en Antwoord 1)

Onthou asseblief jy kan enige tyd enige een van ons leraars kontak.

Liefde Fay, James, Anton en 10ni.

EREDIENSTE SONDAG 26 APRIL

Dit lyk asof die inperking op byeenkomste nog vir 'n tyd gaan voortduur. Ons weet dat die sitkamer-erediens opnames nooit ons samekomste kan vervang nie. Dit is maar ons manier om as geloofsfamilie saam oor 'n Skrifgedeelte na te dink sonder dat ons fisies bymekaar is. In Stellastraat het ons al gewoond geraak aan 5 eredienste per Sondag omdat daar so 'n verskeidenheid van behoeftes is. Nou is daar net een "sitkamerdiens" wat aan almal se behoefte moet voldoen en dit weet ons is onmoontlik. Ons wil tog in hierdie tyd ook ruimte maak vir ouers met kleuters en daarom is ons baie dankbaar vir Marina Pienaar en Fay wat ons hiermee help. Gebruik asseblief die skakel vir Kleuterkerk hieronder. Stuur asseblief vir enige van ons leraars jou "horlosie" wat jy gemaak het. Hieronder is dan ook 'n skakel wat jy kan gebruik om 'n Kinderpret-speelleer boek af te laai. Hierdie boek het 14 speel- en aktiwiteitsoefeninge in oor verhale in die Ou Testament. Bybelmedia het hierdie dokument vir ons gratis beskikbaar gestel. Hier is die skakels wat jy kan gebruik:

- **Oggenddiens** (10ni) https://youtu.be/kQ6ODZIXe5c
    - Die tema is "Tyd is wat jy daarvan maak" (Ef 5:15-17)
- **Kleuterkerk** (Marina en Fay) https://youtu.be/NyxDDkCkDMQ
- **Adoramus** (Willem) http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-26-April.pdf
- **Huisgeloofgesprek** wat saam met die oggenddiens tema gaan:
    - Gesels as gesin met mekaar oor hoe kan ons mekaar help om van tyd 'n geleentheid te maak.
- **Kinderpret – speel en aktiwiteitsboek** http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Kindpret.pdf

STELLASTRAAT MAAK 'N VERSKIL

Verlede week het die uitreikbediening vir 6 aande kos aan 24 hawelose mans wat tydens die grendeltydperk tydelik by St Wilfrid's Anglikaanse kerk bly, voorsien. Baie dankie aan die 6 Stellastraat-gesinne wat ingespring het om die etes voor te berei. Dankie ook aan die kollegas vir hulle Duber ('n dominee wat kos Uber) diens wat gesorg het dat die kos warm

by St.Wilfrid's afgelewer is. Loer gerus na die gemeente se Instagram of Facebookblad vir fotos van hierdie projek.

Harmonie-Oord het 'n behoefte aan produkte soos soppoeier, koekmeel, supervent melkpoeier, toiletpapier ens. Ons wil graag vir hulle help. Sou jy hierdie of ander uitreikprojekte tydens die pandemie wil ondersteun kontak gerus vir Fay (083 478 0854). Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak, merk asseblief jou inbetaling as ***"Uitreik Covid 19".***

As daar enige iemand is wat hulp nodig het, moet asseblief nie huiwer om enige van die leraars te kontak nie. As jy van iemand weet wat swaarkry, laat weet ons asseblief sodat ons kan planne maak hoe om te help.

COVID-19 EN STELLASTRAAT SE FINANSIES

Daar was verskeie navrae oor die impak van die grendeltyd op ons finansies. Dit is reeds duidelik dat dit beduidende negatiewe gevolge vir ons inhou. Die verlies van inkomste by die eredienste is redelik maklik om te bereken, maar oor al die ander inkomstestrome is daar onsekerheid. Dit was nog altyd ons benadering om deursigtig met die finansies om te gaan en ons sal dit nou weer doen. Sodra ons die syfers vir April beskikbaar het, sal die Diensgroep Administrasie aan die Kerkraad verslag doen en daarna sal ons die gemeente op hoogte bring van die situasie. Ons hoop om dit teen einde Mei te doen.

ONS BID VIR

- Jan Groenewald van Milnerstraat 397 het gesond geword en is negatief vir die COVID 19 virus getoets.
- Leon Herbst van Mainstraat 237 is weer opgeneem in die hospitaal en is baie siek.
- Tannie Moreen Ochse van Newlandspark 61 was ongesteld.
- Joné van der Wissel van The Hillstraat 310c sterk tuis aan na 'n armoperasie.

VERJAARSDAE (26 April – 2 Mei)

- **Sondag 26 April**: Súandri Brandt, Danielle Dreyer, Neo Gerber, Christo Greyling, Nadia Nel, Danielle Olivier, Christiaan van der Westhuizen, Marcel van Jaarsveld.
- **Maandag 27 April:** Amanda Booysen, Martitia de Bruyn, Christo Du Preez, René Fourie, Johan Keyser, Ansa Neuland, Irmgard Retief, Janet Seeliger, Jon Seeliger.
- **Dinsdag 28 April**: Hugh Becker, Jean-Ami Beukes, Ruan de Leeuw, Nico Erasmus, Christelle Esbach, Sannie Gerber, Saré Grobler, André Kotzé, Albie Maree, Loma Noeth, Kotie Perold, Stephan Serfontein, Denise Smit, Mika Thom, Estie van der Schyff, Lulu van Wijk.
- **Woensdag 29 April**: Ruben Brecher, Lanie Cornelius, Andelé Hefer, Leone Kotze, Hermien Olivier, Gustav Rohde.
- **Donderdag 30 April:** Juan Aveling, Margaret Barnard, Carlien Brits, Elsjé de Bruyn, Andries du Toit, Barry Gildenhuys, Anja Myburgh, Walter Richards, André Smuts, Marné Spies, Anneli Taute, Marthinus Uys, Anri van Jaarsveld.
- **Vrydag 1 Mei:** Flip Alberts, Erika Claasen, Elsana du Toit, Jana van der Merwe.
- **Saterdag 2 Mei**: Charl Meyer, Susanna Potgieter.

STELLASTRAAT SE WEBBLAD

Onthou jy kan enige tyd inligting oor die gemeente en die skakels na die eredienste op ons webblad kry. Gaan gerus na www.stellastraat.co.za

STELLASTRAAT SE BANKBESONDERHEDE

- **NG Gemeente Suidoos-Pretoria**
- ABSA (Takkode 632 005)
- Rek: 540 580 022

STELLASTRAATGROETE